
# Sinstrukture in Afrikaans Huistaal: enkelvoudige sinne

## 1. Inleiding

In Afrikaans kan ons sinne op verskillende maniere gestruktureer (of saamgestel) wees, en op grond daarvan kry ons verskillende sinstrukture, naamlik enkelvoudige sinne, veelvoudige sinne en saamgestelde sinne.

Hierdie terme kan natuurlik met ander terme vervang word (vergelyk figuur 1 hier onder). Die term "enkelvoudige sin" kan met "simplekse sin" vervang word.




***Figuur 1: Verskillende sinstrukture in Afrikaans met skool- en alternatiewe VivA-terme***

## 2. Sinstruktuur 1: Enkelvoudige sinne

Soms het ons Afrikaanse sinne wat minstens uit **een onderwerp (of subjek) en een werkwoorddeel** bestaan. Die werkwoorddeel is ál die werkwoorde. Só 'n sin word 'n "enkelvoudige sin" op skoolvlak genoem, hoewel dit ook as 'n "simplekse sin" bekendstaan (sien weer figuur 1).

***Voorbeeld:***

- *Kandidate kan die toets aflê*.
  - Een onderwerp: *kandidate*
  - Een werkwoorddeel: *kan aflê*

Die term wat vir die groepering van ál die werkwoorde binne ’n sin (bv. *kan aflê*) op skoolvlak gebruik word, is “gesegde”.



Tog word die term “predikator” in ander bronne (soos in VivA se Afrikaansgrammatika) gebruik om na die groepering van ál die werkwoorde binne ’n sin te verwys. Die term “gesegde” word weer in hierdie bronne gebruik om te verwys na die sinsdeel vanaf die eerste werkwoord (v1) tot aan die einde van die sin. Met ander woorde, in die sin *Kandidate kan die toets aflê* sal *kan aflê* die “predikator” en *kan die toets aflê* die “gesegde” genoem word.

**2.1 Watter volgorde kan die enkelvoudige sin hê?**

Het jy geweet dat enkelvoudige sinne **onafhanklike sinsvolgorde** het? Dit beteken dat die sin só saamgestel is dat die onderwerp (subjek) en die eerste werkwoord *direk langs mekaar staan*. Wanneer dit gebeur, sê ons dat die sinne tipies selfstandig (op hul eie) gebruik kan word.

Twee soorte onafhanklike sinsvolgordes word onderskei, naamlik **normale onafhanklike sinsvolgorde** en **omgekeerde onafhanklike sinsvolgorde**.

Enkelvoudige sinne het **normale onafhanklike sinsvolgorde** wanneer die eerste posisie in die sin deur die onderwerp (of subjek) ingeneem word, die tweede posisie deur ’n werkwoord en die derde posisie deur die res van die sinsdele waaruit die sin bestaan.

**Tabel 1: Normale onafhanklike sinsvolgorde**

| **Normale onafhanklike sinsvolgorde** | | |
|---|---|---|
| **Onderwerp** | **Werkwoord** | **Res van die sin** |
| *Hy* | *het* | *gister regtig af gevoel.* |

Enkelvoudige sinne het **omgekeerde onafhanklike sinsvolgorde** wanneer ’n sinsdeel na die begin van die sin geskuif word, omdat die spreker en/of skrywer dit wil *beklemtoon*, met die

gevolg dat die onderwerp (subjek) ná die werkwoord gaan staan. Noudat die onderwerp ná die werkwoord gaan staan, kom hulle in die omgekeerde (teenoorgestelde) volgorde voor.

**Tabel 2: Omgekeerde onafhanklike sinsvolgorde (situasie 1)**

| **Omgekeerde onafhanklike sinsvolgorde** | | | |
|---|---|---|---|
| **Beklemtoonde sinsdeel** | **Werkwoord** | **Onderwerp** | **Res van die sin** |
| *Gister* | *het* | *hy* | *regtig af gevoel.* |

Sinne het óók omgekeerde onafhanklike sinsvolgorde wanneer die sin met ’n *vraende voornaamwoord* begin, want ook hier kom die onderwerp en die eerste werkwoord in die omgekeerde volgorde voor.

**Tabel 3: Omgekeerde onafhanklike sinsvolgorde (situasie 2)**

| | **Omgekeerde onafhanklike sinsvolgorde** | | |
|---|---|---|---|
| **Vraende voornaamwoord** | **Werkwoord** | **Onderwerp** | **Res van die sin** |
| *Wanneer* | *het* | *hy* | *regtig af gevoel.* |

Sinne het óók omgekeerde onafhanklike sinsvolgorde wanneer die sin met ’n werkwoord begin, gevolg deur die onderwerp, met die funksie om ’n ja/nee as antwoord te versoek vanaf die leser/hoorder. Ook hier ruil die onderwerp en die werkwoord plekke om.

**Tabel 4: Omgekeerde onafhanklike sinsvolgorde (situasie 3)**

| | **Omgekeerde onafhanklike sinsvolgorde** | |
|---|---|---|
| **Werkwoord** | **Onderwerp** | **Res van die sin** |
| *Het* | *hy* | *regtig af gevoel?* |

### 2.2 Uit watter ander sinsdele kan enkelvoudige sinne bestaan?

Soms kom tussenwerpsels (bv. *sjoe*) en aanspreekvorme (*meneer Dippenaar*) in ’n enkelvoudige sin voor. Dit vorm deel van die sin. Tog is hierdie sinsdele nie ’n geïntegreerde deel van die sin nie, met ander woorde wanneer jy die enkelvoudige sin moet ontleed volgens die onderwerp, die gesegde, die voorwerp, ens., sal nie een van hierdie sinsdele deel van die onderwerp, die gesegde of die voorwerp wees nie.

Lees die volgende voorbeeld:

- ***Eina*, *Maggie*, *jy vryf hard!***

Die tussenwerpsel *eina* en die aanspreekvorm *Maggie* kom binne die enkelvoudige sin *Eina, Maggie, jy vryf hard!* voor. As jy die enkelvoudige sin moet identifiseer en neerskryf, sal jy die hele sin neerskryf. Máár albei hierdie sinsdele staan los van die res van die sin *Jy vryf hard*. Hoekom?

- Dit kan byvoorbeeld nie by die ander sinsdele (bv. die onderwerp *jy*) geïntegreer word nie.
- Dit word met ’n leesteken van die res van die sin geskei.

Sou die sin as **Eina, [Jy Maggie] vryf hard!* geskryf word, sal die sin onkonvensioneel wees, met ander woorde dit sal in stryd wees met die konvensies van Afrikaans.

Al die vetgedrukte sinsdele hier onder word op dieselfde manier as *eina* en *Maggie* hier bo gebruik.

- ***Jippie**, hulle het elke dag groot hamburgers!* [tussenwerpsel]
- ***Haai**, kyk wat het ek verkry!* [tussenwerpsel]
- *Was dit nou nodig, **hè**?* [tussenwerpsel]

’n Verdere eienskap van sulke sinsdele is dat hulle opsioneel is. Ons kan hulle met ander woorde weglaat sonder dat dit ’n effek op die res van die sin het.

- *Jy vryf hard!*
- *Hulle het elke dag groot hamburgers!*
- *Kyk wat het ek verkry!*
- *Was dit nou nodig?*